MEDIA RELEASE
by CHRISTIAN DEMOCRATIC PARTY (CDP)

23 FEBRUARY 2011

Foul play, says CDP on EEB

"The EEB (Employment Equity Bill) and BEE (Black Economic empowerment) are both racially based policies devised by the ANC to pull the wool over black voters eyes, and to keep them thinking of themselves as the 'previously disadvantaged', who are now being advantaged by the ANC" says Rev Theunis Botha, Leader of the Christian Democratic Party (CDP).

"That of course is absolute nonsense, as the ANC's record for the past 17 years speaks for itself. Whatsoever they have put their corrupt hands to, has brought the country closer and closer to becoming like the rest of Africa, where a rich elite rules over the poverty stricken without conscience or consideration. To accuse Solidarity of playing 'a dangerous political game' and say that it 'is reckless to play racial politics, and spread falsehoods and distortions' is a laugh, considering the fact, that it is exactly the type of politics the ANC appears to thrive on."

"True to form, they have devised a Bill that if not vehemently opposed will be used as yet another law to tighten its strangle hold on minorities in South Africa. Although Motshega claims to have liberated and empowered Coloureds and Indians, in reality the opposite is true as many within these minority groups are actually being marginalized and enslaved to poverty and deprived of equal opportunities."

"The ANC, as it has done before every election, is once again attempting to sway voters by playing the race card."

Onkant! Sê CDP oor diensbillikheid

"Die Indiensnemingsbillikheidswetsontwerp en SEB (swart ekonomiese bemagtiging) is beide geskoei op 'n rassebeleid wat deur die ANC ontwerp is om swart kiesers wolle oor die oë te trek, sodat hulle steeds aan hulself as 'voorheen-benadeeldes' dink wat nou deur die ANC bevoordeel word," aldus ds. Theunis Botha, leier van die Christen-Demokratiese Party (CDP).

"Dis uiteraard louter snert, soos die ANC se rekord die afgelope 17 jaar sy eie storie vertel. Waaraan die ANC ook al met hul korrupte vuil hande vat, het hulle die land net nader en nader aan die res van Afrika gevoer waar die ryk elite gewetenloos en sonder die opweeg van gevolge die septer oor die armes swaai. Om Solidariteit daarvan te beskuldig dat dit 'n gevaarlike politieke spel speel en te sê dis roekeloos om die rassekaart te speel, asook dat dit valshede en skeeftrekkings versprei, is lagwekkend teen die agtergrond dat dit juis die tipe beleid is waarop die ANC gedy."

"Trou aan sy aard het die ANC nog 'n wetsontwerp opgestel wat, as dit nie ten sterkste teengestaan word nie, bloot die beergreep op minderhede in Suid-Afrika verder sal verskerp. Alhoewel Motshega daarop aanspraak maak dat die ANC bruin mense en Indiërs bevry en bemagtig het, is die teendeel waar, aangesien hierdie groepe in werklikheid gemarginaliseer en aan armoede vasgeketting word en van gelyke geleenthede beroof word."

"Soos in die verlede, probeer die ANC voor die verkiesing weer die rassekaart speel."